



# education

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**MUSIEK V2  
NOVEMBER 2009**

**SENTRUMNOMMER:**

--	--	--	--	--	--	--	--

**EKSAMENNOMMER:**

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

**PUNTE: 30**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 1 bladsy met manuskrippapier.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Kandidate moet hulle antwoorde op hierdie vraestel neerskryf.
4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat bedoel is vir rofwerk. Die kandidaat mag dit van die vraestel verwyder.
6. Die musikonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.

**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK**

1. Die instruksies vir die persoon wat met die klanktoerusting werk, verskyn in raampies.
2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste aantal kere, soos aangedui op die eksamenvraestel, gespeel word. Maak voorsiening vir genoeg tyd tussen herhaalde snitte om kandidate toe te laat om hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.
3. Die nommer van die snit moet telkens duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.
4. CD-spelers moet met batterye toegerus wees om te verseker dat klankvoorbeelde tydens 'n kragonderbreking gespeel kan word.

**NASIENROOSTER**

<b>VRAAG</b>	<b>TOTALE PUNTE</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
<b>AFDELING A</b>			
1	2		
2	6		
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>8</b>		
<b>AFDELING B</b>			
3	4		
4	8		
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>12</b>		
<b>AFDELING C</b>			
5	10		
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>10</b>		
<b>GROOTTOTAAL:</b>	<b>30</b>		


**AFDELING A****GEHOOR****VRAAG 1: RITME**

Snit 1 (moet drie keer gespeel word)
--------------------------------------


Luister na die eerste drie mate van *La Primavera* uit *Die Vier Seisoene* van A Vivaldi.

1.1 Noem die tydsortteken: \_\_\_\_\_ (1)

1.2 Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die ritmiese patroon wat ooreenstem met die musiek wat jy hoor.

1.2.1 

1.2.2 

1.2.3   (1)  
[2]

**VRAAG 2: DIKTEE, KADENSE, AKKOORDE EN INTERVALLE**

Snit 2 (moet ses keer gespeel word)  
Wag ± 3 minute vir kandidate om die vrae te lees.

Kandidate lees en bestudeer die vrae vir 3 minute.

Luister na die musiekuitreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**I'VE GOT THE BLUES**

John Laporta

**Lazy Blues**

2.1 Voltooi die ontbrekende note by (a) op die musiekpartituur hierbo. (3)

2.2 Noteer die ontbrekende noot by (b) op die partituur en noem die interval wat gevorm word tussen die B<sup>b</sup> in die blokkie en die ontbrekende noot wat in die blokkie sou voorkom.

**Antwoord (Interval):** \_\_\_\_\_ (2)

2.3 Identifiseer die kandensiële progressie by (c) (maat 10 en 11).

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)  
**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 8**

**AFDELING B****VRAAG 3: HERKENNING VAN MUSIEKBEGRIPE**

Snit 3, 4 en 5 (moet drie keer gespeel word)  
Gee kandidate genoeg tyd om die vraag te voltooi.

Luister na die volgende drie uittreksels:

Snit 3: Felix Mendelssohn (1809 – 1847), *Simfonie nr. 4*, 1<sup>ste</sup> beweging

Snit 4: Pjotr Iljitsj Tshaikofski (1840 – 1893), *Simfonie nr. 4*, 1<sup>ste</sup> beweging

Snit 5: Witold Lutoslawski (1913 – ?), *Simfonie nr. 4*, 1<sup>ste</sup> beweging

Maak 'n kruisie (X) langs die stelling hieronder wat elke simfonie die beste beskryf.

	<b>Snit 3</b> Mendelssohn	<b>Snit 4</b> Tshaikofski	<b>Snit 5</b> Lutoslawski
<b>Die begin</b>			
Begin baie sag, hoofsaaklik met strykinstrumente			
Begin met koperblaasinstrumente: 'n luide fanfare			
Begin met staccato-houtblaserakkoorde en strykermelodie			
<b>Musikale kenmerke</b>			
Prominente vioolmelodie met staccato-houtblaasakkoorde			
Klarinet speel 'n legato-melodie; daar is ook 'n solotrompet			
Geen strykers of houtblasers in die eerste 30 sekondes nie			
<b>Stemming</b>			
'n Opgewekte, doelgerigte stemming			
'n Kwaai, reguit stemming			
'n Misterieuse stemming			
<b>Toonsoort</b>			
Mineurtoonsoort			
Nie in enige toonsoort nie (atonaal)			
Majeurtoonsoort			

(12 ÷ 3) [4]

**VRAAG 4**

Snit 6 – 18 (moet een keer gespeel word)

- Wag  $\pm$  3 minute vir die kandidate om die vrae hieronder te lees.
- Wag  $\pm$  2 minute na elke snit.
- Kondig die nommer van die snit aan voordat dit gespeel word.

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

- Luister na snit 6 tot 18 en beantwoord enige VIER van die vrae wat op die uittreksels gebaseer is.
- Dui jou VIER keuses duidelik aan deur die nommer van die vraag van jou keuse te omkring, byvoorbeeld 8.1, 8.2, ensovoorts.
- Terwyl jy na die musiek luister, mag jy die vrae afmerk wat jy kan doen. Voltooi dan jou finale antwoorde.
- Moet NIE meer as VIER vrae beantwoord nie. Let op dat slegs die eerste vier keuses nagesien sal word.

**EEN PUNT PER KORREKTE ANTWOORD**

**Snit 6 – 18** (elke snit sal slegs EEN keer gespeel word)

4.1 **Snit 6**

4.1.1 Uit watter stylperiode is hierdie uittreksel geneem?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.1.2 Gee EEN rede om jou antwoord te ondersteun.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (1)

4.2 **Snit 7**

4.2.1 Tot watter populêre musiekstyl behoort hierdie musiek?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.2.2 Met watter 'band'/groep assosieer jy die musiek? Omkring die naam van die 'band'/groep van jou keuse.

Westlife	Spice Girls	ABBA
----------	-------------	------

(1)

4.3 **Snit 8**

4.3.1 Tot watter genre behoort hierdie uittreksel?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.3.2 Gee die naam van 'n moontlike komponis van hierdie uittreksel.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)4.4 **Snit 9**

Identifiseer TWEE idiofone wat jy hoor.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (2)4.5 **Snit 10**

4.5.1 Met watter kunstenaar(s) assosieer jy hierdie musiek? Omkring die korrekte antwoord.

Mzilikazi Khumalo	Ladysmith Black Mambazo	Lucky Dube	(1)
-------------------	-------------------------	------------	-----

4.5.2 Tot watter genre behoort hierdie uittreksel?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)4.6 **Snit 11**

Watter EEN van die volgende uitlegte som die struktuur van hierdie snit die beste op? Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs jou keuse.

4.6.1 Inleiding; koor; vers; koor; vers; instrumentale afsluiting 4.6.2 Inleiding; vers; koor; vers; koor; brug; veranderde koor; instrumentale gedeelte; afsluiting  (2)



4.7 **Snit 12**

4.7.1 Wat noem ons die siklusse waarin Indiese kunsmusiek gestruktureer is? Omkring die korrekte antwoord.

Polifonie	Tala
-----------	------

 (1)

4.7.2 Watter van die volgende toonlere word in hierdie werk gebruik? Omkring die korrekte antwoord.

Pentatonies	Blues	Raga
-------------	-------	------

 (1)4.8 **Snit 13**

4.8.1 Tot watter genre behoort hierdie uittreksel?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.8.2 Noem die werk waaruit hierdie uittreksel geneem is.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.9 **Snit 14**

4.9.1 Identifiseer die genre van hierdie werk.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.9.2 Watter instrument speel die soloparty?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.10 **Snit 15**

4.10.1 Gedurende watter eeu is hierdie werk gekomponeer?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.10.2 Gee 'n rede vir jou antwoord deur EEN stylkenmerk wat jy hoor, te noem.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.11 **Snit 16**

4.11.1 Watter Suid-Afrikaanse tradisionele musiek hoor jy in hierdie uittreksel? Omkring jou antwoord.

Kwaito	Musiek wat vir sosiale geleenthede gebruik word	Moppies en ghommalieliedjies	(1)
--------	---	------------------------------	-----

4.11.2 Met watter geleentheid/groep assosieer jy hierdie musiek?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.12 **Snit 17**

4.12.1 Tot watter genre behoort hierdie uittreksel? Omkring jou antwoord.

Ragtime	Blues	Bebop	Afrika-jazz	(1)
---------	-------	-------	-------------	-----

4.12.2 Watter instrument speel die geïmproviseerde solo?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.13 **Snit 18**

4.13.1 Met watter genre assosieer jy hierdie uittreksel?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

4.13.2 Noem die houtblaasinstrument wat 'n belangrike rol in hierdie uittreksel speel.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)  
**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**AFDELING C: VORMLEER****VRAAG 5**

Wag 3 minute vir kandidate om die vrae te lees.  
Speel Snit 19 vir die eerste keer.

Lees deur die vrae. Luister dan vir die eerste keer na *Prelude to L'Arlesienne* van Bizet (Snit 19) terwyl jy die musiekpartituur hieronder volg. Beantwoord dan die vrae.

**Prelude to L'Arlesienne**

Bizet (1838 - 1875)

**Allegro deciso**

The image shows a musical score for the Prelude to L'Arlesienne by Bizet, measures 1 through 32. The score is written in a single system on a grand staff (treble and bass clefs). The key signature is two flats (B-flat and E-flat), and the time signature is 4/4. The tempo is marked 'Allegro deciso'. The score consists of nine staves of music. The first staff (measures 1-4) begins with a treble clef and a key signature of two flats. The second staff (measures 5-8) continues the melody. The third staff (measures 9-12) continues the melody. The fourth staff (measures 13-15) continues the melody. The fifth staff (measures 16-20) begins with a piano (*pp*) dynamic marking and features a melodic line with a slur. The sixth staff (measures 21-24) continues the melodic line. The seventh staff (measures 25-28) continues the melodic line. The eighth staff (measures 29-31) continues the melodic line. The ninth staff (measures 32) concludes the excerpt with a double bar line.

36

40

44

48

51

55

59

63 **Tempo Primo**  
(tutti)

67

71

75

79

83  
*p*

5.1 Beantwoord die volgende vrae:

5.1.1 Identifiseer die toonsoort waarin hierdie werk begin en eindig.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

5.1.2 Uit watter stylperiode is hierdie uittreksel geneem?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

5.1.3 Volgens Roy Bennet (*Form and Design*) is hierdie werk in variasievorm. Watter EEN van die volgende skematiese voorstellings verteenwoordig hierdie vorm?

A A1 A2 A3	A A1 A2 A3 A4 Koda	A A1 A2 A3 A4	(1)
------------	--------------------	---------------	-----

Speel Snit 20 sodra die kandidate gereed is.

5.1.4 Luister na maat 1 tot 16 en identifiseer die vorm van die tema.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

5.1.5 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 5.1.4 deur 'n duidelike ontleding in die tabel hieronder te gee.

<b>Voorbeeld:</b>	<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="width: 33%;">Seksie</th> <th style="width: 33%;">Maatnommers</th> <th style="width: 33%;">Toonsoort</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td style="text-align: center;">C</td> <td style="text-align: center;">1 – 4</td> <td style="text-align: center;">A mineur</td> </tr> <tr> <td style="height: 20px;"> </td> <td> </td> <td> </td> </tr> <tr> <td style="height: 20px;"> </td> <td> </td> <td> </td> </tr> </tbody> </table>	Seksie	Maatnommers	Toonsoort	C	1 – 4	A mineur								(3)
Seksie	Maatnommers	Toonsoort													
C	1 – 4	A mineur													

Speel Snit 19 vir die tweede keer sodra die kandidate gereed is.

5.1.6 In watter maat begin variasie 1?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

5.1.7 Watter onmiddellike kontraste neem jy waar tussen die aanbieding van die tema en die musiek van variasie 1?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (2)

5.1.8 Watter kontraste hoor jy in variasie 2?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

5.1.9 In watter maat begin variasie 3?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

5.1.10 Verskeie veranderinge word in die derde variasie aan die tema aangebring. Noem DRIE veranderinge.

1. \_\_\_\_\_

2. \_\_\_\_\_

3. \_\_\_\_\_ (3)

5.1.11 Wat gebeur in maat 64 tot 80<sup>1</sup>?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

5.1.12 Identifiseer die nie-harmonienoot F in maat 3 (byvoorbeeld terughouding, appoggiatura, ensovoorts).

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

Speel Snit 21 sodra die kandidate gereed is.
--

5.1.13 Luister na maat 80<sup>3</sup> tot 82<sup>2</sup>. Watter van die volgende instrumente hoor jy? Omkring jou antwoord.

Koperblaasinstrumente	Houtblaasinstrumente
-----------------------	----------------------

Koperblaasinstrumente	Houtblaasinstrumente
-----------------------	----------------------

(1)

5.1.14 Luister na maat 82<sup>3</sup> tot 85. Watter van die volgende instrumente hoor jy? Omkring jou antwoord.

Koperblaasinstrumente	Houtblaasinstrumente
-----------------------	----------------------

Koperblaasinstrumente	Houtblaasinstrumente
-----------------------	----------------------

(1)

5.1.15 Watter EEN van die volgende musiekterme beskryf maat 80 tot 88? Omkring jou antwoord.

Koda	Kodetta	Brug	Cadenza
------	---------	------	---------

Koda	Kodetta	Brug	Cadenza
------	---------	------	---------

Koda	Kodetta	Brug	Cadenza
------	---------	------	---------

Koda	Kodetta	Brug	Cadenza
------	---------	------	---------

(1)

(20 ÷ 2)

[10]

**TOTAAL AFDELING C: 10**

**GROOTTOTAAL: 30**

The image contains 15 blank musical staves, each consisting of five horizontal lines. These staves are arranged vertically down the page, providing a template for musical notation. The staves are evenly spaced and cover most of the page's vertical space.